# Die nasionale Waarde van 'n Gedenkteken.

(Toespraak gehou bij die onthulling van die Klerksdorpse Vrouemonument, deur GERARD MOERDIJK, A.R.I.B.A.)

In die Suide van Italië, op die hellinge van die vuurspuwende berg Vesuvius, vanwaar daar 'n mooi uitsig is oor die Middellandse See, staat drie tempels. Daardie tempels is bekend as die Tempels van Trane. As ons die geskiedenis navors om tot die rede van hulle bestaan te kom, vind ons die volgende: Nog voor die geboorte van die Here Jesus, het die groot Romeinse Rijk in Italië geheers. Die rijk het al die nasies van die bekende wêreld onderwerp, met andere ook die Grieke. Nou, die Griekse nasie was op kunsgebied die hoogs-staande nasie wat daar was. Die Grieke se tempels en monumente was veel volmaakter as dié van die Romeine. Om self ook sulke kunstige werk te krij, voer die Romeine toe die meeste Griekse kunstenaars en boumeesters naar Italië, om daar 'n groot rijkshoofstad te bou. Die grootste boumeesters van die Romeine was Grieke. Nadat die gevanklik weggevoerde Grieke 'n tijdlang gewerk het, word hulle toegelaat om ook self 'n monument op te rig, en elke vijf jaar het die Grieke daar bijmekaar gekom, om hulle verlore vrijheid te herdenk. Vandaar die naam Tempels van Trane.




Nou skijn dit asof die Vrouemonument 'n dergelijke rol speel; immers, ook hier kom ons bijmekaar om verlore vrijheid te herdenk. Maar wat sien ons,—die magtige Romeinse Rijk is verbij, hij is van geen gewig meer in die wêreld; dog die tempels van die Grieke blij bestaan en besiel 'n ieder wat daarnaar kijk. Die Griekse ideale van skoonheid beïnvloed tot vandag toe nog die hele wêreld. Wat is nou groter, die wêreldmag van die Romein of die kuns van die Griek? Hier lê vir ons die groot les: daar is niks wat soveel eerbied afdwing as kennis en kuns, niks is so magtig en blijwend. Die wêreldse mag van die Romein het verdwijn, maar die Griekse kuns blij bestaan.

Bij ons is daar nog baie ruimte vir vooruitgang op die gebied van kuns. Ons moet leer om ons eie geskiedenis en karakter weer te gee. Dit is mooier om iets te doen as om iemand te wees. Laat ons Afrikaners daarnaar strewe om hier in ons eie land die toon aan te gee in kuns, laat die Afrikaner die man wees wat dié groot werk doen van Suidafrika. Die verre nageslag sal miskien vergeet wie hier geheers het, maar niemand kan ooit vergeet wie die werk gedoen het.

Bij al die mooi wat ons op Dingaansdag hoor oor onsself en ons nasie, sal dit bijna klink as 'n wanklank, wanneer ek sê, dat ons nog moet leer om gedenktekens te bou. Laat ons verskillende voorbeelde ontleed. Wat vind ons? Nagemaakte engeltjies uit Italië, geperste duifies en blommetjies van Manchester. Nageslag van die eerste koloniste! gee dit julle karakter weer,—'n wit duifie uit die swart Manchester? Is dit die gees van die stoere voortrekkers, wat die eerste was om die berge en vlaktes van Suidafrika te sien, en wat die wildernis onderwerp het,—'n siellose engeltjie van Carrara? Nee! Ons bestaat uit sterker stof. Vat 'n ruwe klomp graniet en skrijf 'n opskrif daarop in onbewerkte letters, maar doet dit self as nasie, en dit sal ons suiwerder weergee as die ingevoerde engeltjies.

Dit is die doel van 'n gedenkteken om ons geskie-

denis lewendig te hou; as ons daarnaar kijk moet ons weer die gebeurtenisse deurleef. Dit is dan nie meer dàr en daar nie, dit word hier en nou. Op ons verlede bou ons ons toekoms.

In hierdie monument wou ek 'n paar gedagtes weergee. Dit is 'n monument vir vroue en kinders, vandaar die fijner en meer simpatieke behandeling. Die wit middelstuk, geplaas op die grouer onderdeel, is die sinnebeeld van die reinheid en onskuld van die vrou. In die boukuns stel die boog die manlike krag voor, en die tere kolom die vrou. Daarom set ek hier die vier kolomme op die hoeke, omdat die vrou soos die geval was die meeste moes uitstaan. Tesaam met die manlike vorm, dra hulle die tempeltjie van liefde, waar ek later graag die beeld van 'n kind in wil sien, as die simbool van die nageslag, waar die opofferinge voor gemaak is. Ek laat 'n fontein ontspring uit die monument, om te bedui dat ons die gees kan lawe bij ons verlede en nuwe moed en krag kan krij vir die toekoms.

# 'n Nuwe sielkundige Teorie.

Deur adv. EUGèNE N. MARAIS.

(Die woord siel word in hierdie artiekels natuurlik in sij bloot fisiologiese betekenis gebruik, bij gebrek aan 'n noukeuriger term. "Bewussijn" dek die begrip wel enigermate, maar "siel", hoe dubbelsinnig ook, word tog algemeen aanvaar in geskrifte oor die onderwerp.)

In mij vorige artiekel oor Hipnotisme (Sept. 1920) het ek beweer, dat die sogenaamde bewussijn wat werksaam is tijdens die hipnotiese toestand slegs 'n oorblijfsel is, van die dieresiel, wat nog êrens in die menselike mentaliteit bestaat, en dat dié dieresiel in gewone omstandighede in 'n toestand van onwerksaamheid verkeer en net werkend optree onder abnormale toestande van die normale bewussijn. Dit is m.a.w. 'n oorblijfsel, net soos die blinde derm 'n organiese oorblijfsel is. Ek het ook gesê, dat die teorie berus op proefnemings in Suidafrika gedaan. Ek sal nou trag duidlik te maak op welke feite hierdie teorie berus.

Wat is nou werklik die onderskeid tussen die mensesiel en die dieresiel? Die ou antwoord is altijd gewees: Die mens besit rede, die dier nie. Elke leser wat oor die saak nagedenk het moet tot die gevolgtrekking kom, dat die antwoord werklik niks verklaar nie. Wat ons rede noem vind jij bij al die diere in hoger of lager graad. Feitelik is dit net 'n kwessie van graad. Fundamenteel is daar geen onderskeid nie. En tog voel en weet ons, dat daar sielkundig 'n hemelsbreë onderskeid is tussen die mens en die dier. Waar moet ons dan soek naar die grondslage van die onderskeid? Die natuurondersoeker sal nie lank in twijfel wees waar om te soek nie.

Die ontwikkeling van die sielsvermoge van 'n dier strek altijd in één rigting, om die dier geskik te maak vir sij natuurlike omgewing. Die otter verstaat alles wat nodig is vir 'n bestaan in die water. Die dassie weer het al die nodige sielsvermoge om op die hoogste en droogste berge te lewe. As jij die twee omruil, dan vergaat altwee spoedig. Nog meer, jij kan die dassie nooit leer nie om in die water te boer, net so min as jij die otter kan leer om in die klipskeure sij huishouding op te neem.

Dit is dus 'n algemene natuurregel sonder uitsondering, dat elke dier die nodige sielsvermoge besit om in 'n beperkte natuurlike omgewing te lewe. As jij hom in 'n ander omgewing plaas, dan vergaat hij. Altijd gaat die liggaamlike ontwikkeling gepaard met die sielsontwikkeling. Die erdvark het 'n liggaamsbou om gate te grawe en miere te vang; die otter om te swem en visse en krappe te vang.

En daar is nog iets van die grootste belang in dié verband: Die sielsvermoge van die dier is erflik, net soos sij liggaamsbou. Laat b.v. 'n otter deur 'n hondeteef grootgemaak word; laat hom nooit 'n krap of 'n vis sien nie, voer hom met melk, rou vlees e.d.m. en gee hom nooit meer water as net genoeg om te drink. Dan, wanneer hij volgroeid is, neem hom naar 'n rivier, en wat gebeur? Hij mag 'n paar oomblikke twijfelagtigheid betoon, maar dit sal nie lank duur nie of hij spring die water in en duik en swem asof hij nooit iets anders gedoen het nie. En as hij honger is, vang hij netnou 'n krap en gaat hom op die wal sit en eet. Hij weet welke kos om te eet en waar daarvoor te soek sonder dat hij dit ooit self geleer het.*

Dit is wanneer jij bij die hoogste dierklas kom dat jij die eerste uitsondering op die algemene regel in die natuur vind. Laat 'n bobbejaan b.v. in gevangenisskap grootword van sij geboorte af en beskerm hom kunsmatig teen reent en koue. Laat hom nooit 'n gogga of die natuurvrugte of wortels van sij eige natuuromgewing sien nie, en neem hom dan, as hij groot is, naar die berge waar hij gebore werd. Hij is onnosel-dom. Hij skrik hom bijna dood vir 'n lewendige skerpioen of ander gogga. Al vergaat hij van honger, weet hij nie om 'n klip op te tel nie om kos te soek. Hij eet net so geredelik 'n gifblaar-appel as 'n sandappel. Met ander woorde, as jij hom nie leer nie, sal hij van honger vergaan te midde van oorvloed. Maar dan bestaat daar nog dit: Hij kan gou leer. Haal hom net eenmaal oor om 'n gogga te eet, laat hom die ondervinding opdoen dat 'n skerpioen lekker smaak, maar dat hij kan steek, en wijs hom dat daar goggas onder elke klip skuil —en daarvandaan is hij gered.

* Dit is deur werklike proefneming bewijs.